

# St. Teresa van Kalkutta

## 5 September

(1910-1997)

Die bekende en veelbeminde Moeder Teresa was van Albanese afkoms en is gebore as Anjezë Gonxhe Bojaxhiu in Skopje (vandag in Noord-Macedonië). Op 18-jarige ouderdom sluit sy aan by die Susters van Loreto in Ierland. Sy word na Indië gestuur waar sy uiteindelik prinsipaal van 'n skool word. In 1946 ontvang sy, soos sy dit beskryf het, "'n roeping binne haar roeping" om haar in die krotbuurtes van Kalkutta te gaan vestig en daar onder haglike omstandighede haar toe te wy aan die versorging van die armstes onder die armes. Dit doen sy dan ook vir die res van haar lewe. Daagliks het sy, met 'n Rosekrans in haar hand, die strate ingegaan om die sterwendes en siekes te versorg. Later sluit daar 'n paar van haar voormalige skoliere by haar aan en so ontstaan die Sendingsusters van Liefde wat in 1950 kerklike erkenning verkry het. Sy ontvang in 1979 die Nobel Vredesprys vir haar werk en vandag is haar susters werksaam in 123 lande.

© Die Oratorium Uitgewery